EIKESTAD NUUS
12 October 2007
P. 24
Regional

Manley Communications
PERCEPTION MANAGEMENT CONSULTANTS

Tradisie duidelik by Dornier

DIS Vrydagmiddag vieruur, en ek en 'n paar gaste sit rustig op die grasperk en staar na Stellenboschberg.

Met 'n heerlike koue glas Dornier Wit 2005, en die mees verruklike eetgoed wat gereeld uit die kombuis aangedra word.

Dit was my en 'n paar genooide gaste se voorreg verlede Vrydag, tydens die amptelike bekendstelling van Dornier se nuwe restaurant, Bodega. Tullishe le Roux, die sjef by Bodega, het seker gemaak die kos komplementeer wynmaker JC Steyn se wyne.

Die Dornier-familie het die plaas in 1995 gekoop, meeste van die wingerde geplant, en die nuwe kelder in 2003 gebou. Die kelder met sy kurwes en refleksies, ontwerp deur Johan Malherbe, is 'n toeriste-aantreklikheid in eie reg. In 2005 was die kelder een van vyf kelders wêreldwyd om die argitektuur-prys los te slaan in die Great Wine Capitals of The World-kompetisie vir wyntoerisme.

Dornier het drie reekse wyne: Donatus (vlagskipreeks), Dornier en Cocoa Hill. Die Donatus Wit is 'n versnit tussen chenin blanc en semillon. Die Donatus-rooi is 'n versnit tussen cabernet franc, merlot en cabernet sauvignon.

Die Dornier-reeks bestaan uit 3 enkel-wingerd

wyne – merlot, pinotage en cabernet sauvignon.

Die Cocoa Hill-reeks het ook 3 wyne – chenin blanc, rosé, en die rooi versnit (cabernet sauvignon, shiraz en merlot). Hierdie ongekompliseerde reeks is spesifiek ontwikkel as waarde vir geld, en gebaseer op die storie van Long Ben. Long Ben was 'n gevreesde Britse seerower wat skepe langs die speseryroete en rondom die Kaap aangeval het gedurende die sewentiende eeu. Om inhegtenisname en tronkstraf te vermy, het Long Ben sy identiteit verander en as wynmaker in die Stellenbosch-area kom woon. Hy het sy druiwe verbou op 'n koppie in die Blaauwklippen-area, vandag die tuiste van Dornier-wyne. Hy het sy plaas Cocoa Hill genoem, en is gereeld gesien terwyl hy verlangend oor die see sit en tuur het.

Dit mag dalk net 'n ou verhaal wees, maar ek hou van die idee.

Gaan proe gerus self, en maak seker jy het 'n leë plekkie in jou maag. Dornier is die perfekte plek vir 'n wynproe, gevolg deur 'n bottel van hul beste saam met Tullishe se heerlike kos!

Vir meer inligting oor Dornier en die Bodega-restaurant, kontak Raphael Dornier en sy span by tel. 021 880 0557, of stuur e-pos aan info@dornier.co.za